# HOEPHOEP



Augustus 2025
Jaargang 30(3)
Nr. 146

# FROM THE CHAIRMAN'S NEST

Dear Members and Friends, welcome to the latest edition of our quarterly BirdLife Wesvaal newsletter.

We are, as always, thrilled to communicate updates and opportunities that celebrate our shared love for birds and nature. Whether you are a seasoned birder or just starting out, our club offers something for everyone. This quarter, we are focusing on what makes BirdLife Wesvaal a rewarding and engaging community for bird enthusiasts.

**Why be part of BirdLife Wesvaal?**

**Connect** with fellow birders who share your curiosity and passion.

**Learn** through guided outings, workshops, and club meetings.

**Experience** exclusive events and seasonal activities tailored to members.

**Belong** to a supportive, enthusiastic community that values nature and conservation.

**Get the Most Out of Your Membership:**

**Plan:** Book your spot early for outings and events - spaces fill up quickly!

**Stay Informed:** Keep an eye on our calendar for upcoming activities and notices.

**Get Involved:** Your ideas, skills, and energy keep our club thriving.

Remember a birding club is a group of individuals who share a passion for birds and the outdoors. Together, we are more than a bird club – we are a community that values connection, conservation and shared discovery. Our club provides a platform for members to connect, learn and together explore the world of birds.

Thank you for being part of BirdLife Wesvaal. Let us continue to make this a wonderful year for birds and birders alike!

Warmest regards,

Pieter Labuschagne

Chairperson, BirdLife Wesvaal

# KLUBAANDE

## "Sjop en Sjerrie"

BirdLife Wesvaal het sy maandelikse klubbyeenkoms gehou op 5 Junie 2025. Ten spyte van die koue het 28 entoesiastiese lede by die Elgro Hotel bymekaar gekom vir 'n baie genotvolle geleentheid.

Die aand het op 'n hartlike noot begin met 'n verwelkomende glasie sjerrie in die sitkamer. Klublede en gaste het gesels, stories gedeel, en lekker gekuier. Daarna is almal bederf met 'n verskeidenheid heerlike soppe en vars broodrolletjies. 'n Perfekte manier om die liggaam van binne af warm te maak.








Alet, Corrie en Jonè het die vasvrae aangebied en die klub het 'n vars en prettige nuwe benadering tot die jaarlikse vasvra ervaar.

Dit was sowel opvoedkundig as vermaaklik, en lede het deurentyd iets nuuts geleer.

Die vasvra het 'n wye verskeidenheid onderwerpe gedek, insluitend spesie-identifikasie, voëlgeluide, voëlfoto's, jong voëls en verskille tussen spesies.

## THE LONG WALK TO SECRETARY BIRD FREEDOM

Cassie Carstens, die Sekretarisvoël projekbestuurder, het op 7 Augustus 2025 inligting oor sy navorsing op Sekretarisvoëls (Secretarybirds) met 39 klublede gedeel. Sekretarisvoëls kom dwarsoor Suid Afrika voor in oop grasvelde en savanna. Sy dieet bestaan hoofsaaklik uit slange, insekte, paddas en ander voëls. Sekretarisvoëls het 'n kragtige skop en kan sy liggaamsgewig vyf keer verdubbel op 'n slang dood te skop.

Die slegte nuus is dat daar ‘n dramatiese afname van hierdie spesie is hoofsaaklik as gevolg van habitat vermindering, botsing met kraglyne en wind turbines. In Wes Afrika word hierdie voëls ook in tradisionele medisyne of as eksotiese troeteldiere gebruik. Die gevolg hiervan is dat die status van hierdie voëls op die Afrika kontinent van die minste kommer (least concern) in 2004, na kwesbaar in 2011 en ernstig bedreigd in 2020 verander het. In Suid Afrika word die status van hierdie voëls nog as kwesbaar beskryf.




Navorsing op hierdie voëls behels dat die voëls met ‘n Globale Posisioneringstelsel (GPS) toegerus word om die verspreidingsgedrag van die voëls na te vors. Hierdie projek het in 2011 begin en tussen 2011 en 2017 is 10 GPS aan Sekretarisvoëls geheg. Die aanvanklike projek het gefokus op wanneer en hoe jongelinge die nes verlaat en die oorlewing van die jongelinge gefokus en daar is gevind dat die jongelinge aanvanklik 1,6 kilometer rondom die nes versprei. Tydens die tweede fase is meer GPS aan voëls gekoppel en in die derde fase is daar ook op volwasse voëls gekonsentreer.

Navorsing word gedoen deurdat data afgetrek word van die GPS en op ‘n Excel sigblad versprei word. Die data dui die punte aan waar die voël beweeg en dui dus sodoende die bewegings area op ‘n tydskaal aan. Navorsers kan dus bepaal watter tipe habitat die voël op watter ouderdom verkies.

Cassie het daarna die inligting van een voël, Bob, met die klublede gedeel. Data toon dat Bob in die wintermaande areas wat hoër is bo seespieël verkies. Die voël beweeg ook in die wintermaande meer rond. Hierdie groter afstande wat die voël aflê kan moontlik te wyte wees daaraan dat kos in die wintermaande skaarser is. In die dag staan Bob vroeg op, die meeste aktiwiteit vind in die middel van die dag plaas en dan gaan die voël weer vroeg huis toe. Data dui daarop die Sekretarisvoëls oop grasvelde en ou landerye verkies. In die winter word meer habitat tipes ingesluit wat daarop dui dat hulle harder moet werk om kos te kry. In die somer wanneer meer kos beskikbaar is word minder habitatte besoek. Dit blyk ook dat die tipes habitatte verander soos wat die voël ouer word. Hoe ouer die voël word hoe meer habitatte kan hy uitbuit.

Broeigedrag dui daarop dat ‘n Sekretarisvoël in ‘n gebied van 3,6 km rondom die nes bly. Dié gedrag mag daarop dui dat hy ander Sekretarisvoëls uit die gebied hou om sodoende die nes te beskerm.

Die publiek se hulp word vir die volgende benodig:

- Waarnemings van Sekretarisvoëls op die Birdlasser toepassing moet aangedui word.
- Indien ‘n nes van ‘n Sekretarisvoël gevind word moet daar probeer word om ‘n GPS punt en ‘n foto na BirdLife Suid Afrika se Sekretarisvoël projek te stuur.
- As ‘n Sekretarisvoël in ‘n grensdraad vasgevang is moet ‘n pin, die datum en tyd van die waarneming ingestuur word en indien moontlik ook ‘n foto van die grensdraad geneem en ingestuur word.

# DAGUITSTAPPIES

## Aloe Farm Nursery

Lede van BirdLife Wesvaal het op 7 Junie die Aloe Farm Nursery, ‘n kwekery naby die Hartebeespoortdam besoek. Hierdie kwekery is veral bekend vir aalwyne en wanneer die aalwyne in blom is van Mei tot Julie is dit ‘n voëlparadys vir veral suikerbekkies. Dit is ‘n gewilde plek vir fotograwe om foto’s te neem omdat ‘n mens redelik naby die voëls kan kom en die voëls redelik gewoond is aan mense. Daar was baie fotograwe met indrukwekkende kameras en lense.




Die 14 lede het verskeie suikerbekkies van die hoëveld en Bosveld gesien naamlik Maricosuikerbekkie (Marico Sunbird), Witpenssuikerbekkie (White-bellied Sunbird) en Swartsuikerbekkie (Amethyst Sunbird). Kransaasvoëls (Cape Vultures) is ook waargeneem wat deel vorm van die kolonie in die Magaliesberg.

Lede het die uitstappie geniet, saam koffie gedrink en iets geëet by die restaurant van die kwekery.


Daar was voorstelle dat die uitstappie na Aloe Farm in vervolg gekombineer word met ander aktiwiteite rondom Hartebeespoortdam.

## BOTANIESE TUIN

‘n Groep van 20 lede van BirdLife Wesvaal het Saterdag 2 Augustus die Botaniese tuin by die Noordwes-Universiteit (NWU) besoek.

Chris van Niekerk, die kurator van die Botaniese tuin het ‘n kort praatjie oor die belangrikheid van die tuin vir navorsing gegee. Die botaniese tuin dien ook as ontspanning en bied ‘n plek om voëls te kyk.

Lede kon in enige rigting stap en die verskillende dele van die tuin verken: die koppie, grasveld en ‘n bos gedeelte met visdamme. Oral in die tuin is bordjies met inligting van plante en voëls. ‘n Vinnige reaksie kode (QR ) is op die bordjie aangebring en as dit met ‘n slimfoon geskandeer word, speel ‘n kort video oor die voël. Dit is ‘n slim manier om inligting oor te dra.



Verskeie lede het hul kinders of kleinkinders saamgebring asook ander besoekers om die dag saam te geniet.

Die lede het tussen 18 en 33 voëlspesies gesien, met die hoogtepunte ‘n Geelbekbosduif (African Olive Pigeon) en ‘n wespedief (honey buzzard) wat oor gevlieg het.

Na die uitstappie het almal in die saal koffie en beskuit geniet.

# ARTIKELS

## VOËLS IN BEWEGING

Voëlkyk is sekerlik een van die mees bevredigende en gewilde stokperdjies wat deur oud en jonk beoefen kan word. Voël fotografie is ‘n wonderlike uitbreiding (of alternatief) daarvan en ‘n verdere uitdaging is om voëls in beweging te fotografeer. Dit skep die geleentheid om kleur, vorm, beweging, kontras en simmetrie in klein kunswerke uit te beeld op so ‘n manier dat jou eie kreatiwiteit daardeur bevredig word.

Kreatiwiteit en tegniese kennis van jou toerusting se werking, eienskappe en verstellings is uiters belangrik, daarmee saam is goeie hand-oog koördinasie ‘n pluspunt om nie eers te praat van goeie kennis van voëlgewoontes nie. ‘n Verdere uitdaging is om so naby moontlik aan die betrokke voël te kom wat weer goeie veldkuns vaardighede verg!

Hoewel foto’s ook baie handig is vir voël identifikasie, is die deurlopende dryf eerder om gereeld nuwe pragtige skerp, kleurvolle kunswerkies te skep en sodoende reg te laat geskied aan die betrokke unieke skepping van God! Min gee meer bevrediging as ‘n foto van ‘n pragtige voël in vlug met wydgespreide vlerke teen ‘n wasige agtergrond wat die volle raam vul!

Enkele wenke oor fotografie van voëls in beweging wat as riglyne kan dien is die volgende:

- Stel die kamera se fokus op "outo" en gebruik 'n enkelpunt fokus met omliggende fokusarea. Dit maak die fokus vinniger en meer akkuraat, maar herstel vinniger as jy fokus verloor.
- Hoëspoed-deurlopende foto's (High Speed Continuous Shooting) is handig om 'n reeks foto's te neem met voël en vlerke in verskillende posisies. Dit het wel die gevolg dat baie meer foto's agterna geredigeer moet word.
- Diafragmaprioriteit (Aperture Priority) - stelling (f-stop) verseker die gewenste velddiepte en is gewoonlik die funksie van keuse. Die sluiterspoed kan dan gemanupileer word deur die ISO te verander. Groot voëls met stadige vlerke kan in fokus wees rondom1 /1000sek terwyl klein voëltjies se vinnige vlerkies tot 1/6000sek sluiterspoed vereis vir fokus.



Aperture Priority" f8; ISO 1000; Sluiterspoed 1/1100sec. (Groot stadige vlerke)



Aperture f8, ISO 1500, Sluiterspoed 1/7000sec. (Vlerkies baie skerp)

- Verskuiwing (Panning) is 'n moeilike tegniek waar voël in vlug "gevolg" word met die fokuspunt. Dit skep 'n streperige agtergrond wat vervaag (blurr) om beweging te illustreer. Dit help om dit op jou huisdiere in te oefen!
- Hou sover moontlik die voorwerp in die middel van die raam wanneer jy afneem. Tydens redigering kan komposisie en ander foto riglyne aangepas word. Trek die beeld (Zoom) dus bietjie uit sodat die voël nie die raam volmaak nie, sodat vlerkpunte nie in die slag bly nie.

- Wanneer  jy redigeer, is dit beter dat die voël ruimte het op die foto “waarin” hy kan vlieg. Indien reël van derdes dus gebruik word moet voël wat van links na regs vlieg op die linkerderdelyn geplaas word met ruimte op die foto voor hom en visa versa.



Bokmakierie wat van regs in die ruimte op die foto vlieg

- Kyk uit vir die verwagte gewoonte/aksie van die voël byvoorbeeld mis, fladder van vere, vooroor leun of lank kyk in ‘n bepaalde rigting net voor hy gaan vlieg.
- Voëls wat na jou vlieg is meer ideaal as wanneer hulle wegvlieg. Kyk altyd uit vir ‘n ogie wat blink in die son. Onthou voëls draai gewoonlik hulle lyf in die rigting waarvandaan die wind kom met ander woorde teen die wind. Hulle land en styg ook gewoonlik teen die wind op.
- Vroegoggend en laatmiddag skep in alle natuurfoto’s die meer ideale fotogeleenthede, veral wanneer die lig van agter die fotograaf af skyn.
- Kyk uit vir voël skuilings in parke en reservate. Dis gewoonlik naby water waar voëls gewoond is aan die struktuur. ‘n Voertuig is ook ‘n handige skuiling waaruit foto’s geneem kan word.
- Daar is baie produkte op die mark wat kan help met stabilisering van die kamera waarmee mens kan eksperimenteer maar ‘n gewone boontjiesak of eenpoot staander (mono pod) kan jou al baie help.
- Die heel belangrikste reël is egter: Wees gereed en wees daar (Be ready and be there)! Sorg dat jy buite kom, jou kamera se battery gelaai is en die kamera reeds op die gewenste stellings is.

*Willie Victor*

## VOËLTOER NOORD KWAZULU-NATAL

Lieske Burger en  haar ma Tillie, het in Noord KwaZulu-Natal, van 29 Junie tot 19 Julie 2025 getoer.

Johan Nel van die voëlklub het Lieske bygestaan met idees en die toerplan insluitende kontakbesonderhede van voël gidse en verblyfplekke. Sy voorstel was om Ndumo, Mkuze, Bonamanzi, St. Lucia, Mtunzini en Eshowe in te sluit.

Die plantegroei van noorde van KwaZulu-Natal word gekenmerk deur sandwoud, klamboomveld, kusbos en tropiese woud. Sandwoud groei op ou duine in Noordelike KwaZulu-Natal en dele van Maputuland. Dit beslaan ‘n area van 29,961vierkante kilometer. Die voël verskeidenheid  van hierdie gebied was die hoofrede waarom

hulle besluit het om in hierdie area te toer, ook omdat hulle hierdie deel nog min besoek het.

Hulle toer het begin waar Lieske haar ma by OR Tambo lughawe opgelaai het en die eerste aand het hulle in Vryheid geslaap. Ndumo is afgeleë, die pad was gangbaar maar die laaste deel deur Jozini en Ndumo dorp het baie mense, bokke, diere en spoedwalle gehad. Die pad in reservaat is grondpad en daar is versigtig gery in hulle lae kar.

Die chalets is Ndumo is nuut oorgedoen en mooi. Daar was baie min gaste in die reservaat. Hulle twee was die enigste in ‘n huisie maar ‘n paar kampers, mense van Nederland, het ook die reservaat besoek. Lieske se lifers het die Geelvleknikator (Eastern Nicator) , Bloukuifloerie (Purple-crested Turaco), Afrikaanse Sperwer (African Goshawk) en Rooskeelkolpensie (Pink-throated Twinspot) ingesluit. Hulle het op twee wildsritte gegaan en saam met die gids by Red Cliffs gestap wat tussen Wildevye by ‘n pan geleë is. Hulle het die Bosloerie (Narian Trogon), Swartblestinker (Yellow-rumped Tinkerbird) en Swartkroontjagra (Black-crowned Tchagra) daar gesien.

Mkuze was volgende op die lys. Die pad, ‘n grondpad, na Mkuze het deur landelike gebied gekronkel en soms het dit gelyk of hulle glad nie op die regte pad was nie. In Mkuze was daar baie meer wild en voëls as in Ndumo. Dié gebied bestaan ook uit Sandwoud. Die hoogtepunt van hulle besoek in hierdie area was hulle staptog in die Vyeboom woud onder leiding van ‘n gids. Hulle was gelukkig om ‘n trop renosters, met horings aan te sien, wat ‘n wonderlike gesig. By die voël skuilings was dit stil en weens die hoë watervlakke in die panne en damme was daar min watervoëls.



Bonamanzi, ‘n privaat wildreservaat naby Hluhluwe was volgende op die lys. Daar is verskeie verblyf opsies. Hulle het in die Lalapanzi eenhede gebly, lekker in die restaurant geëet of sommer self kos gemaak op ‘n gasplaat op die stoep By Bonamanzi het ‘n voël gids vir hulle die Groenvleiloerie (Green Malkoha), Groenkolpensie (Green Twinspot), Gryssysie (Grey Waxbill) en Rooiborssuikerbekkie (Scarlet-chested Sunbird) gewys. Op ’n bootvaart op die Hluhluwerivier het hulle ‘n waterlikkewaan gesien.

Die volgende kuierplek was St. Lucia, die iSimangaliso Unesco Wêrelderfenisgebied, wat bekend is vir voëls en die groot vyf wild. Hulle het een middag ‘n uitstappie met Ian Ferreria op die Gwalagwala staproete gedoen. In die bospaadjie het hulle die Bruinwipstert (Brown Scrub Robin), Mosambiekloerie (Livingstone’s Turaco), Bosmusikant (Dark-backed Weaver) en Geelborskleinjantjie (Yellow-breasted Apalis) gesien. ‘n Koraalboom wat in blom was het drie suikerbekkie lifers, Olyfsuikerbekkie

(Olive Sunbird), Gryssuikerbekkie (Grey Sunbird) en Kortbeksuikerbekkie (Collared Sunbird) opgelewer. Die gids was bewus van al die plekke waar die Gevlekte Vleikuiken (Buff-spotted Flufftail) gewoonlik skuil. Die gids het die vleikuiken se geluid nagemaak en alhoewel hulle op ‘n paar plekke gewag en gekyk het kon hulle nie die vleikuiken sien nie.



Themba, ‘n gids, het hulle orals van klein pannetjies tot tussen huise geneem waar hulle die Grootlangtoon (African Jacana), Nonnetjieseend (White-faced Whistling Duck), reiers (herons) en Bleshoenders (Red-knobbed Coots) gesien het. Daarna is hulle na die oostelike oewers van iSimangaliso vleiland park waar Themba hulle die geskiedenis van die park vertel het. Die eerste natuurreservaat is reeds in 1895 gestig wat bekend gestaan het as die St. Lucia Vleiland park. Dié gebied het egter uit baie plantasies bestaan en ook as ‘n weermag gebied gedien. In 1999 is dit tot ‘n Unesco Wêrelderfenisgebied verklaar, die eerste in Suid Afrika, en die naam is toe verander na die iSimangaliso Vleiland Park. Groot areas van hierdie gebied is gerehabiliteer en die natuurlike plantegroei is hervestig. Voëls wat Lieske hulle hier waargeneem het was die Swartborsslangarend (Black-chested Snake Eagle) en Akkedisvalk (Lizard Buzzard). By Cape Vidal het hulle die Groenrugkwêkwêvoël (Green-backed Camaroptera) gesien. Hulle was baie beïndruk met die kwaliteit van BirdLife Suid Afrika se gidse se kennis, beide van die voëls en die omgewing.

Hulle voorlaaste stop, Mtunzini, is ‘n rustige pragtige dorp. Die Umlalazi natuurreservaat is in die dorp geleë met baie bosse, ‘n strandmeer en mangliet woude.

Hulle gids, Junior, het aan hulle die Manglietvisvanger (Mangrove Kingfisher) en Swartrugtinktinkie (Rufous-winged Cisticola) uitgewys. In die Dlinza bos het hulle die Groot-Rrooibandsuikerbekkie (Greater Double-collared Sunbird) gesien.



Hulle het ‘n heerlike drie weke in Noord KwaZulu-Natal getoer waar hulle 200 voëls gesien het met 53 lifers vir Lieske en 16 lifers vir haar Ma. Hulle het die toer baie geniet.

**Lees ook die artikel oor bird guides trained by Birdlife South Africa wat nog lifers wat Lieske op hierdie toer gesien het aandui.**

*Lieske Burger*

## BIRD GUIDES TRAINED BY BIRDLIFE SOUTH AFRICA

Last year at BirdLife Wesvaal Annual General Meeting (AGM), John Kinghorn from BirdLife South Africa spoke about avitourism and bird guides trained by Birdlife South Africa.

This past July, Lieske Burger and her mother went on a birding trip to Northern KwaZulu-Natal. They started at Ndumo Nature reserve and ended at Eshowe.

A fellow club member, Johan Nel recommended these guides, and Lieske and her mother were very impressed with their knowledge and services. They used Themba Mthembo at St. Lucia, Junior Gabela at Mtunzini, Dlinza and surrounding areas and Lethu Nxele at Mtunzini.

The guides were knowledgeable about habitats and sites to see specific birds. They are concerned about their client's safety; Lieske's mother, fairly fit at 83 years, was helped on slippery surfaces and guides made sure that both Lieske and her mother were aware of hidden dangers like tree stumps or roots.



The guides had a good knowledge of unknown routes and roads and secret birding spots. Themba took them to a wetland inside a local village in St Lucia where plenty of waterbirds were seen as well as the African Pygmy Goose (Dwerggans). Junior took them on back roads to a secret wetland where they saw the Swamp nightjar (Natalse Naguil).

The following lifers were seen with each guide:

- Themba at St Lucia: Senegal Lapwing (Kleinswartvlerkkiewiet), African Cuckoo Hawk, (Koekoekvalk), Bearded Scrub Robin (Baardwipstert), Woodwards' Batis (Woodwardbosbontrokkie), Rufous-bellied Heron (Rooipensreier) Buff-spotted Flufftail (Gevlekte Vleikuiken).
- Lethu at Mtunzini: Spotted Ground Thrush (Natallyster) Palm-nut Vulture (Witaasvoël), Purple-banded Sunbird (Purperbandsuikerbekkie).
- Junior at Mtunzini and surrounding areas: Striped Pipit (Gestreepte Koester), Olive Bush-Shrike (Olyfboslaksman), Grey Cuckooshrike (Bloukatakoeroe), Mangrove Kingfisher (Manglietvisvanger), Black-throated Wattle-eye (Beloogbosbontrokkie), Swamp Nightjar (Natalse Naguil), Red-fronted Tinkerbird (Rooiblestinker) and Rudd's Apalis (Ruddkleinjantjie).

Lieske indicated that they will not hesitate to use their services in future and recommend their services to fellow birders.

*Lieske Burger*

# PUNDA MARIA

Om daar te kom is heel eenvoudig, Potchefstroom, Pretoria, Pietersburg (Polokwane), Giyani en Punda Maria hek. So knap duskant 700 kilometer (km) en maklik doenbaar in ‘n dag. Stefan Heydenreich hulle het 7:00 vertrek en was 15:00 by die hek, ingesluit ‘n 40 minute brandstof en toebroodjie stop net duskant Polokwane. Punda Maria kamp is net 10 km verby die hek. Goeie teerpad al die pad tot by Giyani. Die afdraai na Giyani vanaf die grootpad by Polokwane is duidelik aangetoon. Die 70 km vanaf Giyani is dit egter “Hallo Afrika”, groot en klein gehuggies teen die pad met rondloper diere en ‘n 60 km per uur spoedbeperking. Bo en behalwe dit moet ‘n mens uiters versigtig wees vir venynige spoedwalle, wat baie swak of glad nie aangetoon word nie. Hierdie spoedwalle is net veilig teen so 20 km/u.




Punda Maria kamp is een van die min kampe waar onderhoud nog aan die orde van die dag is. Alles was netjies, skoon en funksioneel. Ongelukkig is van die rehabilitasie projekte soos die herstel van safaritente en die watergat langs die kampeerterrein stagnant. By navraag dui dit daarop dat hierdie soort projekte buite beheer van die lokale bestuurder is en gaan dit ongelukkig ook gepaard met korrupsie. Die kleinerige , rustige en pragtige kamp is teen ‘n rant geleë met heelwat stroompies water wat dit ‘n besonder mooi deel van die bosveld maak. Die rante is die oostelike limiet van die Soutpansberg met groot troppe olifante, buffels, kameelperde, sebras, rooibokke asook baie voëls. Vir tien dae het hulle egter geen roofdiere gesien nie, nie eers ‘n jakkals nie. Net ‘n paar hiënas verder suid digby Phalaborwahek met die uitry slag. Volgens die kampbestuurder word die roofdiere vir hulle liggaamsdele geteiken deur karkasse te vergiftig, soos met die aasvoëls, toe meer as veertig dood is. Dit alles vir die groot mutibedryf in die digbevolkte gebied teen die volle lengte van die wesgrens van die wildtuin. Stefan het ook opgelet dat verskeie diere mank beweeg het as gevolg van een of ander besering. Hierdie diere sou beslis nie lank gehou het waar daar roofdiere was nie.



Alhoewel Stefan by twee geleenthede Kuifkoptarentale (Southern Crested Guineafowls) gesien het kon hy nie ‘n mooi foto kry nie. Hulle was altyd skugter en het gou tussen die takke en gras verdwyn. Op die laaste dag het hierdie trop toe doodluiters deur die kamp gesnuffel terwyl hulle moes pak om te ry.

‘n Pragtige paadjie om te ry is die Mahonie loop van 25 km. Dit loop verby verskeie stroompies met genoeg drinkplekke. Dit behoort ‘n skouspel te wees in die somer wanneer die Rooi Essenhoutbome blom. Een kilometer vanaf die kamphek is die afdraai na links en net 1.5 km verder is die eerste sypelstroompie waar die Savannepapegaaie (Grey-headed Parrots) kom drink het. Hulle het eers in een van die groter bome sit om seker te maak dinge is veilig maar met meer as een voël is daar gewoonlik ‘n dispuut oor sitplek.







Wanneer dit veilig geag is het hulle dan af water toe gevlieg.

Hulle drinktyd is vroegdag wanneer die son uitkom en in die middag van so 16:00 tot 17:15 of effens later.

Die stilhouplek was wes van die drinkplek, dus was dit moeilik om ‘n goeie foto soggens te kry met die son van voor. Stefan het dus seker gemaak dat hy voor 16:00 homself staan gemaak het om die beste bome en die drinkplek gemaklik deur sy oop venster te kan sien. Reg langs die stilhouplek was ‘n vlak poel water by die uitloop van ‘n pyp onderdeur die pad.

Heel onbewus dat dit dié middag op die drinkroete van ‘n trop olifante val het hy gretig op die papegaaie gewag. Toe die olifante opdaag het die leier koei eers so gemik-mik



om verby te hou na water verder op maar toe vasgesteek en het begin om haar misnoeë met sy teenwoordigheid te toon. Dit was slurpswaai, ore klap en sulke kort een of twee olifanttreë fop stormlope. Vir die ingeligtes beteken dit kwaai swetse in olifant lyftaal. Toe Stefan tjoepstil bly sit het, sonder teëpraat van sy kant af, was hulle gelukkig gou op voornaam basis en het die olifant koei bedaar en heel rustig nader gestaan en begin drink. Die res van die trop het ook gevolg tot so twee of drie meter van Stefan en nie lank nie of die poeletjie was leeg en

hulle het begin aandrentel. Met die telefotolens kon Stefan nie die petalje nie na behore inkry nie.

Beide Geelbekrenostervoëls (Yellow-billed Oxpeckers) en Rooibekrenostervoëls (Red-billed Oxpeckers) kom volop saam in hierdie gebied voor. Dit is selde dat diere sonder hulle gesien word. Stefan het egter geen vermenging van die twee soorte waargeneem nie.









In hierdie foto kan duidelik gesien word hoe ‘n Geelbekrenostervoël ‘n wond skoonmaak.

Die wond bly vry van maaiers maar dien seker ook ‘n bloed bron.



Stertjies is hulpvaardig gelig sodat die plek waar die bosluise dikwels konsentreer, geteiken kon word.



Die Bruinkoppapegaaie (Brown-headed Parrots) het ook hulle draai kom maak.

Die Flycatcher trail en res van die kampterrein bied kort staproetes aan. Die Mahonie omrit gee goeie blootstelling aan gemengde bos met wisselende habitat. Om verder Noord by die Levhuvhu rivier te kom moet mens ongelukkig tussen 30 en 40 km deur Mopanieveld ry wat eentonig kan wees.

Tussen die Levhuvhu en die Limpoporivier lê die Makuleke konsessie, wat net toeganklik is vir toeriste wat in die paar luukse lodges tuisgaan. Dit is dus net die toegangspad vanaf die Pafurihek tot by die brug oor die Levhuvhu en dan al langs die

Levhuvhu ooswaarts tot by Crooks Corner en die grenspos na Mosambiek wat vir die gewone toeris toeganklik is. Stefan het net een dag die roete van die brug tot by Crooks Corner gery maar ongelukkig nie stekelsterte (spinetails) of die Beloogbosbontrokkie (Black-throated Wattle-eye) gesien nie.

Die indrukwekkende Limpopo by Crooks Corner waar die Witkopkiewiet die krokodille geselskap gehou het.





Die rivierbos in hierdie area is indrukwekkend, maar omdat die bome groot is bemoeilik



dit die soektog na kleiner voëltjies soos die Beloogbosbontrokkie en die Geelborskanarie (Lemon-breasted Canary). Hierdie Gewone Boskraai (Trumpeter Hornbill) was besig om bessies te vreet met sy nes in 'n pragtige Maroelaboom reg langsaan. Geen wonder hy het so tevrede gelyk nie.



Die Bromvoël wat so statig met afgemete tree en strak gesig op soek was na prooi, kan met sy swart jas en rooi das, maklik kwalifiseer as president van die Verenigde State van Voëltjieland.

Dit is hoog op Stefan se wenslysie om die Punda Maria gebied in die somer te besoek om die Knopsterttroupant (Racket-tailed Roller), Beloogbosbontrokkie, Geelborskanarie, die stekelsterte en dan natuurlik die Visuil (Pel's Fishing Owl) en Wimpelvlerknaguil (Penant-winged Nightar) te soek.

*Stefan Heydenreich.*

## BOBBEJAAN SE BENADERING TOT VOËLKYK

Bobbejaan se kind se benadering tot voëlkyk is beslis anders as dié van BirdLife Wesvaal se lede. Juliemaand was Lounell White bevoorreg om drie weke in die Kruger Nasionale Park te spandeer.




Vroegoggend op die S50 vanaf Shingwedzi na Mopani het 'n reuse bobbejaan aan rooi vrug weggelê, maar met naderkoms was dié rooi egter bloedrooi Gompou (Kori Bustard) vleis waaraan hy lustig weggelê het. Vere het verstrooid rondom die Gompou gelê. Ander bobbejane het op 'n veilige afstand gebly want hierdie mannetjie het niemand naby sy vangs toegelaat nie. Hy het groot stukke vleis met sy hande afgebreek en in sy mond gestop.



Dié tikkie hartseer met die mooi herinnering van die vorige dag waar die swierige gompoue manjifiek op daardie plek gestap het, sonder om te weet hulle sal bobbejaan prooi word.

*Lounell White*

## MJEJANE



In die begin van Junie 2025 het Linda Marais en 'n groep vriendinne saam vir 'n week Mjejane besoek. Mjejane is 'n magiese wildtuin naby Hectorspruit en deel van die "Groter Kruger Nasionale Park". Drie van die groepie van 5 is lede van Birdlife Wesvaal, waarvan twee nog redelike nuwe voëlkykers is. Hulle het 'n totaal van 71 spesies gesien, en het BirdLasser met vrug gebruik. Die Heuglinjanfrederik (White-browed Robin-

Chat) het elke dag op die dek by die huis gekuier en sy teenwoordigheid aangekondig met 'n geroep. Hulle was ook baie gelukkig om 'n paar van die hoogs bedreigde Witkopaasvoëls (White-headed vultures) naby Vurhami brug te sien. Daar is tans net ongeveer 60 broeipare in die Kruger Nasionale Park oor. Die aasvoëls het aas gaan steel en heerlik fees gevier in die bos terwyl die leeus trommeldik gelê en slaap het. Soos altyd het die Kruger nie teleurgestel nie en 'n week was net te kort.

*Linda Marais*

# Voorbladfoto


*Die voorbladfoto vir hierdie Hoephoep is verskaf deur Lounell White.*

*Die Bruinslangarend (Brown Snake Eagle)*



Bruinslangarend

Slangarende het unieke eienskappe om hulle teen hulle prooi, slange, beskerm. Slange is geneig om hulself vir beskerming om die Slangarend se pote te draai en hier beskerm die sterk skubbe die Slangarend teen die gif wat nie deur skubbe kan dring nie. Slangarende het kort, sterk tone en hierdie aanpassing help om slange (en ander prooi) se dun liggame vas te gryp en te verpletter. Hulle sterk kloue pen die slang vas en die slang word doodgemaak deur skoppe op die slang se kop.



*Lede word uitgenooi om bydraes te lewer om in die Hoephoep te plaas. Dit is altyd interessant nuwe feite by ander te leer. Kom ons brei ons bydrae uit deurdat meer lede deelneem.*

# Verwarrende spesies

| | Bloureier (Grey Heron) | Swartkopreier (Black-headed Heron) |
|---|---|---|
| **Kleur** | Grys en wit | Grys |
| **Snawel** | Geel (Oranjepienk in broeityd) | Grys |
| **Pote** | Geel | Grys |
| **Kop** | Bopunt van kop wit, met swart streep bokant die oog | Kop en nek aan die agterkant swart |
| |  |  |
| **In vlug** | Ondervlerke is grys, liggaam is wit | Ondervlerke is swart en grys, liggaam grys |
| |  |  |
| **Habitat vir voeding** | Voed hoofsaaklik in water | Voed hoofsaaklik in graslande |
| |  |  |

*Lounell White, Alet Steyn, Willie Victor*

# FEITE EN GEITE



Bleshoenders (Red-knobbed Coots) kry hul kos in die water en op land en hulle pote is dienooreenkomstig aangepas om in beide omgewings optimaal te beweeg.

Die tone is platgedruk om lobbe te vorm. In die water word die lobbe uitgestrek om vinniger in die water te beweeg. Die lobbe is soortgelyk aan webbe in ander watervoëls.



Op land word hierdie webbe teruggevou sodat die tone los van mekaar is wat beweging op land vergemaklik. Bleshoenders kan dus baie vinniger op land beweeg as ander watervoëls met gewebde voete.

Die kuikens en jongelinge lyk glad nie na die ouers nie. Die volwasse se verekleed ontwikkel tussen 4 tot 5 maande. Die wit skild is eers ten volle ontwikkel na bykans ‘n jaar.



Bleshoenders is baie aggressief in die beskerming van hulle gebied en val ander Bleshoenders en selfs groter voëls soos reiers en Kolganse (Egyptian Geese) aan as hulle in hul gebied kom wei.

Kyk gerus na onderstaande YouTube video geskep deur Alet Steyn. *Regs click op hyperlink en op volgende bladsy click op “open hyperlink”*

https://youtu.be/SEgcF16VbY8?si=FO2bo12VfReycjKx

# FOTO'S EN BYDRAE

Die Bestuur bedank al die lede van BirdLife Wesvaal wat voël foto's en bydrae verskaf om die Hoephoep interessant te maak.

# VOËLNAME

Voëlname is verkry van: BirdLife South Africa Checklist of Birds: 2023

**Bydraes vir die Hoephoep**

Wanneer bydrae ingestuur word neem die volgende in ag:

- Font: Ariel 12
- Spasiëring 1.15
- Uitleg: Justify
- Word Dokument
- Foto's Resize (Verander groote) Wydte 800 px

Neem in ag dat die redakteur soms aan die artikels moet sny sodat die Hoephoep dokument nie te groot word nie

**VOORBLADFOTO**

Die Redakteur nooi BLWV lede uit om foto's in te stuur wat gebruik sal word vir die voorblad van die volgende Hoephoep.

Die tema van die foto vir die volgende Hoephoep is die Bosloerie (Narina Trogon).

Reëls:

Portret formaat.

Foto sal deur BLWV komitee gekies word

Stuur foto's na lounellwhite@gmail.com

Landskap foto's sal in aanmerking kom vir die beskrywing van die voël, dus word hierdie foto's ook verwelkom.